## HOOFSTUK VIII.

## DIE METODE VAN DIE ONDERWYS.

Om die kind te vorm en te laat ontwikkel moet hy op die weg tussen uitgangs- en doelpunt fisiese sowel as psigiese voedsel ontvang. Die wyse van kontrole, beheer en leiding daarvan word op hierdie weg deur die metode van die onderwys behartig. Die onderwysmetode moet rekening hou met die opvoedingsdoel, die aard van die kind se persoonlikheid, die ontwikkelingstadia van die kind en die beheer oor leerstoforganisasie. Verder moet die metode van opvoeding rekening hou met die nodige wysgerige, psigologiese en logiese vereistes waarop die kind in sy leiding, vorming en ontwikkeling geregtig is.

Die twee hoof onderwysmetodes nl., (1) die analitiessintetiese en die sinteties-analitiese en (2) die induktiefdeduktiewe en deduktief-induktiewe, word verder aangevul deur die aanskouings-, vertellings-, die denk- en die selfuitvindingsmetode. Hoewel die een of ander van hierdie metodes soms 'n sentrale plek in ons onderwysprosedure inneem, kan die opvoeder nooit 'n sekere metode uitsluitend toepas nie. In die praktyk tree verskillende metodes, na gelang van omstandighede, gewoonlik op die voorgrond. So sal die leraar bv. by 'n vertel-les, 'n denkles of opsêles gebruik maak van die analities-sintetiese en/of van die induktief-deduktiewe metode, waar aanskoulikheid, begryplikheid, toepaslikheid, belangwekkendheid, praktyk en self-aktiwiteit almal 'n bydrae lewer.[1)]

(a) Adamson se onderwysmetode.

Adamson se sentrale einddoel van die opvoeding beoog

1) Die belangrike rol wat tug i.v.m. die opvoedingsdoel speel, word in hoofstuk 9 bespreek.

'n indiwidu, volledig aangepas aan 'n heelal wat hy sien as:

(i) 'n wêreld van objektiewe werklikhede van die bestaande en die synde, wat in tyd en ruimte geponeer word;

(ii) die wêreld van die beskawing of samelewing wat meer geestelik en dus minder sigbaar, maar tog net so werklik en soms meer reëel as die natuurwêreld is, en

(iii) die sedelike orde met sy maatstawwe en wette, wat van die tweede onderskei word deurdat die beskawingsorde nie noodwendig sedelike waardeskatting behels nie.

Waar die stoflik-verskynende objekte in die natuur benadruk word, lê die gewig van die kultuur in die versamelde geestesprodukte van die voorgeslagte, terwyl die swaartepunt van die sedelike in die indiwidu self lê. Waardekenning en waardeskatting is hier die taak van die indiwidu.

Waar Adamson sy mens dan tot een en elk van sy drie wêrelde wil lei tot kennis, sosiale omgang en waardekenning, kies hy die weg of metode van aanpassing, want wat is aanpassing anders as 'n metode?

Waar die term „aanpassing" vir die bioloog 'n meganiese begrip is, is dit vir Adamson 'n proses van gekende, gevoelde en gewilde wisselwerking tussen die mens en sy omgewing. Dit is vir hom 'n middel of metode waardeur subjek en objek deur die ervaring tot 'n wederkerige verhouding saamgroei. Die opvoeding is vir hom nóg slegs kennisversameling, nóg slegs die ontwikkeling van krag en persoonlikheid; dit is aanpassing - 'n lewe wat geleef moet word. Sy drieledige mens moet so leef dat hy deur die opvoeding so deeglik moontlik ~~tot~~ aan sy drie-ledige werklikheids-ordes aangepas kan raak. "Adjustment is, however, to be understood differently in regard to the several subordinate worlds; the experiment <u>explores</u> nature, and <u>discovers</u> civilisation, but <u>creates</u> the world of morality!"[2)]

2) The Forum of Education, Feb.1923, Vol.I No.I. New Series, bls.72. Resensie: The Individual & the Environment, T.P.Nunn.

Aanpassing aan hierdie drie-ledige werklikheids-ordes geskied deur ekstensiewe en intensiewe groei en uitbreiding. Geskiedenis en aardrykskunde werk ekstensiewe ontwikkeling in die hand by die aanpassing aan die natuur- en kultuur-ordes, en die ervaring van 'n skool as 'n sosiale en sedelike orde, brei sy sedelike ontwikkeling uit vir sover as wat hy sy huislike ervaring uitbou.

Terselfdertyd is daar ook 'n proses van intensiewe ontwikkeling aan die gang: In die natuur openbaar die natuurwetenskap oorsaak en gevolg in die kontinu van stoflike verhoudings; geskiedenis openbaar politieke, ekonomiese, nasionale en godsdienstige vesels in die beskawing; en in die sedelike orde sal skoolervaring en letterkunde die sedelike ideale en etiese waardes duideliker laat uitstaan. "That is to say adjustment will be in the direction of depth as well as length and breadth."[3]

Verder is aanpassing vir Adamson 'n dubbele proses. Daar is aktiewe toe-eiening en passiewe opname. In die aanpassingsproses dra die subjek groeiend by tot elk van die werklikheids-ordes totdat hy in die ryk van die sedelike self skepper word. "Within the limits of his capacity he should mould as well as be moulded."[4] En, eensydige nadruk lei gewoonlik na eensydige leerstellings: Waar die objektiewe uitermate benadruk is, het dit tot kennis-verhoerliking gelei en te veel klem op die subjektiewe het die skole deur oordrewe tug uit die ware lewensverband geruk. "Education is neither the mere acquisition of a body of knowledge nor the mere development of power and personality; it is adjustment: a life to be lived."[5]

---

3) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls. 9
4) Ibid., bls. 9.
5) Ibid., bls. 10.

Aangesien opvoeding dan vir Adamson 'n „lewenswyse" is wat hy as aanpassing aan sy drie wêrelde sien, maak hy in die beheer van hierdie lewenswyse, van verskillende metodes gebruik. In elk van sy ordes lei hy die mens deur selfwerksaamheid, self-uitvinding en eie aktiwiteit tot 'n intieme ervaring van die werklikheid. Laat ons hom in elk van sy wêrelde volg:

1. Aanpassing aan die natuur deur ondersoek.

Die natuur, objektief in ruimte en tyd geponeer, "the world of birth and death"[6), behoort maar net so ver aan ons as wat ons dit deur die ervaring ken. In die kontinue van aanbieding ontstaan daar dus 'n verhouding tussen die kenner en die gekende. Die wisselwerking tussen subjek en objek is verantwoordelik vir die ontstaan van ervaring. Die eerste stap in hierdie proses is reeds sonder ons medewete, vir ons geneem, omdat ons in die besit van ervaring is as ons tot onsself kom. Hierdie ervaring uit ons vroegste kinderjare het ons ook reeds op 'n eie manier georden, omdat ons dit reeds gerangskik het as dinge wat in ruimte en tyd ordelik bestaan. Hierdie wêreld het tot ons deurgedring deur verskeie metodes. Deur aanskouing, vertelling, vraag-en-antwoord en selfs 'n mate van self-uitvinding, het deur die huisgesin en die kinderomgewing gespreek en dit gebou en gelei deur werklike lewenskontak. Op hierdie grondslae wil Adamson sy aanpassing aan die natuur, deur ondersoek, voortsit om ekstensiewe en intensiewe lewensontwikkeling deur die skool te laat geskied. Vir hierdie ontwikkeling ag hy drie stappe nodig:

(i) Hoofsaaklik ekstensiewe ontwikkeling, deur die ervaring in lengte en breedte as 'n geheel uit te brei. Dis die stadium waar hy van natuurkennis, aardrykskunde en fisiografie gebruik maak.

---

6) Ibid., bls. 15.

(ii) Hoofsaaklik intensiewe ontwikkeling wat 'n steeds wyer-wordende vat op die natuurverskynsels meebring. Uitbreiding van die aanpassing geskied hier meer deur verowering as deur aangroeiing. Vir hierdie ontwikkeling kom 'n studie van die wetenskappe aan die beurt.

(iii) Die ekstensiewe en intensiewe ervaring word nou tot 'n redelike geheel saamgevoeg, sodat die natuur as 'n werklike ervaringsgeheel daargestel word.

Laat ons sy werkwyse kortliks nagaan. As die kind in die skool kom, moet hy deur aanskouiing en self-aktiwiteit leer, en hier is die natuur self die beste leerstof. Dis die bril waardeur hy die werkplan moet sien, en tekene, verhale, lees, rekene, handwerk, resitasies en sang is slegs soveel vensters waardeur die natuur gesien en waardeer word. Kennismaking met die werklike sal altoos voorrang bo prente, tekeninge, diagramme en vertellings geniet, d.w.s. verbalisme en formalisme mag realisme nooit vervang nie, maar desnoods slegs verklaar. Die kind sal steeds self met die reële werk, terwyl kinderverbeelding vrye speling behoort te geniet.

Aanpassing, deur natuurkennis, sal dus die grondslag en kenmerk van ons aanvangsonderwys wees. Deur natuurlessies sal ons die kind heel natuurlik lei om sy sintetiese en analitiese voorskoolse kennis aan te vul, deur empiries met die konkrete te werk i.p.v. met die redelike. Alle ander vakke sal op die stadium in diens staan van die natuurkennis, wat tot die kind deur beelde spreek. In hierdie proses sal die kind deur empiriese ervaring dinge van sy eie stempel voorsien, sodat die omgewing deur vrye verbeeldings-speling as't ware op sy persoonlikheid kan groei.

Die volgende stap in aanpassing aan die natuur word deur aardrykskunde, as eng verbandhoudend met natuurkennis, bewerk. Tuisgemaak in die natuur deur natuurkennis lei aardrykskunde hom om die wêreld as die woonplek van die mens te sien, en, omdat aardrykskunde deur natuurkennis en natuur-

wetenskap enersyds die natuur omvat, en andersyds in geskiedenis en beskawing inloop, sal die kind reeds vroegtydig leer om sy blik in twee rigtings te werp. "It is sound to withdraw to the standpoint of meaning for man; it is equally sound to get back to nature."[7] Feitekennis in aardrykskunde is ondergeskik aan die betekenis wat dit vir die mens openbaar. "As the background of history and the foreground of nature study and science, geography is indispensible to adjustment."[8]

Die metode van behandeling geskied weer deur aanskouing van die werklike en bekende uit die tuis-omgewing. Deur selfgemaakte diagramme, prente, sketskaarte en aardrykskundige terme i.v.m. die bekende omgewing, moet die kind gelei word om die heelal te sien.

Om 'n kennis van kaarte, wat so onmisbaar vir aanpassing is, te verkry, word die volgende werkwyses aanbeveel:

(i) Verklaar aardrykskundige terme deur waarneming en voorstelling.

(ii) Klassifiseer en beskryf gegewens met behulp van vergelykende aardrykskunde.

(iii) Maak gepaste afleidings deur middel van streek-aardrykskunde.

(iv) Veldwerk en skoolreise sal die eenheid van die natuur-verskynsels vir die kind 'n werklikheid maak. Deur aardrykskunde moet die kind in staat gestel word om die eenheid en relatiewe grootte van natuurlike kenmerke te bewaar en te ontwikkel. 'n Kind moet bv. weet hoe 'n berg en 'n rivier in die raamwerk van die natuur tot 'n eenheid versmelt. Verder is rekenkundige korrelasie outomaties, as opnames, meting en gevormde resultate in berekening oorgaan.

(v) Deur die vergelyking van gemeenskaplike kenmerke soos lengte- en breedtegraad, van verskillende lande en plekke, voer ons aanpassing 'n stappie verder. As ons leerlinge reeds afleidings omtrent reënval, klimaat, son, produkte, lewensgewoontes e.a. kan maak, het aanpassing reeds taamlik ver gevorder. Hier begin die taak van natuurkundige- en ekonomiese aardrykskunde, waar die uitspansel met sy natuurkundige verskynsels ook die lot en bestaan van die mens beïnvloed.

---

7) Ibid., bls. 77.
8) Ibid., bls. 79.

As die kind eers 'n betekenis aan 'n verskynsel kan heg wat verder as die waargenome objek strek, het hy die stadium van wetenskaplike aanpassing bereik. Die kern van hierdie stadium van ontwikkeling en aanpassing lê daarin dat die dinamiese kern van objek na subjek verskuif. Die empiriese ervaring maak geleidelik plek vir die redelike ervaring. Die interaksie tussen subjek en objek is verantwoordelik vir die dinamiese ontwikkelings-aanpassing wat op die stadium minder ekstensief maar meer intensief uitbrei. Om in hierdie wêreld, met die subjek aan die stuurwiel, in te kom, is elkeen aangewese op sy eie waarneming, verbeelding en intellek, getemper deur sorg, geduld, juistheid, en die gloed van entoesiasme. Hierdie aktiwiteit moet voortduur totdat die natuur in sy eenheid en indiwidualiteit ontwikkel het. "The victory is not with objective reality but with subjective organising power whereby the confines of what is akin are for ever being extended and the alien is being absorbed."[9)]

Die ryk van die natuurwetenskappe is 'n wye studieveld. Ons stofkeuse sal derhalwe beperking moet ondergaan, maar 'n beperking wat steeds sal afstuur op die gedagte dat "adjustment means nature becoming intelligible; becoming really alive and organic within the continuum of experience."[10)]

Metode en stofkeuse sal dus daarvoor sorg dat ons die heelal sien as: meganiese en fisiese energie; as gemiese reaksie; as organiese lewe en ewolusie. Natuurwetenskap is in hierdie breë sin geregtig op net soveel aandag en tyd op die werkrooster as wat aan die humaniteite gegun word.

Die dwang van wetenskaplike aanpassing is afhanklik van 'n dinamiese ego as uitstraler. Dis 'n ego wat betekenis en waarde aan verskynsels heg. Ekstensiewe en intensiewe

---

9) Ibid., bls. 143.
10) Ibid., bls. 116.

ervaring word tot 'n eenheid saamgevoeg. Uit die smeltkroes van sy kennis, gevoel en wil, tree 'n georganiseerde natuurorde te voorskyn. "We thus arrive at the view that the ideal of adjustment to the first world is the fusion of the whole man with the whole universe."[11)]

In die proses het analities-sintetiese en induktief-deduktiewe metodes gedurig gewissel op grond van aanskouing, vertelling, vraag-en-antwoord en selfuitvinding—maar steeds gerig op die opvoedingsdoel: Aanpassing.

2. Aanpassing aan die beskawingsorde deur ontdekking.

Die kultuur - "the world of progressive civilisation" is 'n orde wat ons eers moet vind en ontdek. Dit behoort slegs aan ons deur die ervaring. Die materiaal daarvan is meer instinktief, aantreklik en emosioneel as kennend. Aanpassing moet hier eers gekweek en ontwikkel, en sekere neigings moet selfs uitgeskakel word. Aanpassing sal hier ook ekstensief en intensief, soos in die natuurorde, wees, maar die subjek i.p.v. die objek sal hier die dinamiese brandpunt van die proses vorm. In die kinderkamer en die -tuin sal die sosiale orde ontwikkel, maar beswaarlik openbaar word. Die skool sal dit meer werklik maak, maar dit sal tog nog meer gevoel as geken wees. Geskiedenis sal die eerste ware faktor van ontdekking wees dog die indiwidu sal hierdie orde ook nie eintlik besef voordat die politiese, sosiale, ekonomiese en godsdienstige vesels daarvan openbaar is nie. Hierdie orde is vir baie nooit so 'n werklikheid as die natuur nie, omdat dit 'n orde van instinkte, emosies, idees en ideale is. Dog aanpassing daaraan bly nodig en noodsaaklik.

Aanpassingsinvloede aan die orde van die kultuur word kortliks onder vier hoofde nagegaan.

---

11) Ibid., bls. 150.

(i) Die skool.

Dis die taak van die skool om sosiale ewolusie deur sy eie gemeenskapstoestand in die geopenbaarde ervaring van die kind as 'n lewende objek te laat uitstaan. Hierdie gemeenskap het sy ontstaan nie aan enkele nie, maar aan die algemene bydrae van een-en-alles te danke en sy invloede raak die lewe en lotsbestemming van almal. Die wese van die orde is geleë in die keurstene van stryd en opoffering in die wordingsgeskiedenis van volkere. Die ideaal, wat die hele gemeenskap in sy stryd om 'n bestaan gedurig besiel en voortgedu het, was die hunkerende roepstem van vryheid.

Om die indiwidu aan hierdie orde te laat aanpas moet die skool sy aanbiedings so inrig dat daar 'n lewende verband tussen die ego en die gemeenskap opgebou word. En terwyl hierdie toneel betree word deur : "all the world's a school and all the men and women contributary scholars"[12), sal die skool sy metodes so moet toepas dat eenheid en kontinuiteit aan die kulturele bestaansorde geheg word. "It is to extricate the objective element, the social world, in this side of experience, to unfold it to view, and to extend it as far back as possible so that its continuity through history is realised, and as far outward as possible until its continuity through existing humanity is felt as a reality".[13) Die groot taak van die skool is dus om 'n interpretasie van die beskawingsorde aan die hand van sy politiese, nasionale, ekonomiese en religieuse vesels te verskaf. Hiertoe dra 'n reine en gesuiwerde skoolomgewing magtig veel by.

(ii) Vakstudie:

Geskiedenis, met sy onderdele, is eintlik die vak

12) Ibid., bls. 220.
13) Ibid., bls. 221.

waardeur die ewolusie van die lewe van 'n gemeenskap geïnterpreteer moet word. Vir hierdie doel is daar drie faktore waarmee die aanpassingsmetode rekening moet hou:

Die tydperk: Die geskiedkundige wortels moet so ver in die verlede terugskiet dat die beskawingsvorm van die huidige as die werklikheid van die verlede en die hoop van die toekoms gesien word.

Keuse van onderwerp: Dis 'n saak van nadruk en perspektief. Die eenheid, vervlegting en onderlinge afhanklikheid van die sosiale lewe as 'n geheel, moet hierdeur in stand gehou word.

Die volgorde van behandeling: Dis veral 'n saak van metode. Om belangstelling gaande te hou spreek die huidige nou tot ons deur biografie, verhale, letterkunde of novelle en dan deur die vloeiende stroom van die geskiedkundig nasionale lewe. Omdat verbeelding vir die sosiale orde die taak van waarneming vir die natuurorde vervul, nl. die ontvouing daarvan, is dit 'n belangrike verbygaande fase. Die hoogste sfeer, die sfeer van organiese verhoudings, word egter eers bereik waar die eenheid en kontinuiteit van nasionale en sosiale lewe deur godsdienstige, ekonomiese, politieke en militêre gebeurtenisse en ontwikkelings, geopenbaar word. Die eenheid van die sosiale lewe is in die sin dieselfde as die van die indiwidu, waar ons die kritiese gebeure in sy lewe moet interpreteer as die produkte van die verlede en die voortekens van die toekoms, as ons hul volle betekenis wil verstaan.

Met die geskiedenis as fondament word die rol van die mens in die maatskaplike lewe dan verder uitgebou deur burgerkunde, politieke en staatkundige verpligtinge en voorregte, ekonomiese regte en voorregte sowel as sy godsdienstige be-

lewinge.

Die ervaringsrype leraar sal die tempo van vordering en die grense van belangstelling so reguleer dat die leerlinge gretig sal deelneem aan suggestiewe interpretasies wat na een of ander van die gemeenskapsdrade tas.

(iii) Taal en letterkunde.

Taal en letterkunde, die argief van ons verlede, die medium van ons idees, die bron van ons kuns en skoonheid, en die kern van ons inspirasie, is kragtige aanpassingsfaktore. Die kultuur het sy objektiewe bestaan daaraan te danke, en deur die letterkunde sal ons die kind na die natuur lei, met die mens en sy vernuf sal hy kennis maak en die sedelike en die goddelike sal sy voorreg wees. Die aanpassingsweg loop aanvanklik deur die nasionale kultuurgoedere, stuur daarna af op die taal en letterkunde van huistale, om eindelik by die vallei van die klassieke te eindig, want elke nuwe taal verskaf aanpassing aan 'n nuwe omgewing. In die behandeling van taal en letterkunde is die metode daarvoor verantwoordelik dat aanpassing so sal geskied dat die leerlinge sal verstaan, "they are there to gather what of its beauty and value they can take in, without any attempt, futile as it must be in the nature of things, to dissect its aesthetic unity."[14)]

(iv) Beroeps-aanpassing:

Alle opvoeding is uiteindelik beroepskundig. Dit beoog 'n lewens-nering en gemeenskapsdiens. Enige beroepskundige opleiding mag egter nie die mens en sy gemeenskap tot 'n middel verlaag nie, want in ware aanpassing is beide 'n doel op sigself. Die skool moet vir die hele lewe voorberei en sal dus noodsaaklikerwys 'n enge verband met die lewe moet handhaaf. Beroepsaanpassing vereis, "adjustment which will

---

14) Ibid., bls. 296.

enrich the whole life of the man, while it promotes economic and social efficiency".[15]

3. Aanpassing aan die sedelike orde deur skepping:

Die sedelike is 'n kontinue of geheel soos die natuur en die kultuur. Die samehang en eenheid daarvan vloei uit die feit voort dat elke bewuste menslike daad of gedagte 'n direkte of indirekte sedelike betekenis of waarde het. Op die wyse lewer elke mens 'n positiewe of negatiewe bydrae tot die sedelike lewe. Dog hierdie orde sal slegs vir elke mens sover bestaan as wat hy dit, deur 'n vrye wilsdaad, vir homself skep. "It is kept alive and existent by being constantly taken up, chosen, as a world to inhabit, a life to live, by all".[16] Elkeen leef dus in 'n sedelike wêreld wat hy deur 'n vrye wilsuiting óf instand hou, óf vernietig. Om 'n positiewe bydrae tot hierdie orde te lewer moet die mens so 'n sedelike bestaan voer dat die redelike, sosiale en ideale, in die self tot uiting of selfvinding kom.

Van die sielkundige kant gesien is dit 'n wêreld waar: "Cognition is necessary to define it, feeling to give it constraining power, and volition to bring it into real effective being".[17] Die aansyn van die sedelike orde berus dus op die samewerking van die drie geestesfaktore van bewuste kenne, gevoel en wil, en hul samesmelting in die skeppingsdaad is juis wat deur selfvinding bedoel word.

Aangesien dit dan 'n bestaans-orde is wat 'n sekere soort lewenswyse van die mens verg - 'n sedelike - let ons kortliks op die prosedure wat vir hierdie lewe moet voorberei.

Wanneer die indiwidu se empiriese opvattings omtrent die sin van 'n skool se sedelike omgewing oorgegaan het tot

15) Ibid., bls. 247.
16) Ibid., bls. 314.
17) Ibid., bls. 319.

'n redelike kennis daarvan, het hy reeds die eerste ligstraaltjie van 'n sedelike bestaan flou sien brand. As hy nou die werking van sy aangebore instinkte en emosionele neigings aan die welvaart van 'n skool vasknoop, het hy reeds die weg ingeslaan wat lei na die ideale waarvoor 'n skool staan. In die begin sal hierdie liggie ook maar met die verdunde olie van die oerneigings brand, dog welhaas mag die ideale wat daarin brand die môreson ontbloot. Versterk deur hierdie wapens, roep hy nou die krag van sy wil in, om deur gewoontelike optrede, geïnspireer deur die ideale van 'n sedelike bestaan, sy self op die pad van doelbewuste strewe te plaas. Sodra hierdie ontwikkeling die self tot sy beste uitings gelei het, het hy die fase van redelikheid, sosialiteit en idealiteit bereik.

Die skool as 'n omgewings-faktor, moet dit tot stand kan bring. Hoe om dit te organiseer en te inspireer is 'n saak van metode. In die opsig word die taak van 'n skool baie groter as eksamen-uitslae en fondsinsamelings. Sy kern en selfstandigheid lê in die lewe en waarde van 'n sedelike en godsdienstige voortbestaan. Die etiese doeltreffendheid van 'n skool lê daarin dat hy sy metodes ondergeskik maak aan die navolging van 'n verenigde, etiese ideaal, want op die wyse word die sedelike kontinue net so werklik as die fisiese.

En soos die sedelike ideaal van die skoolomgewing tot die leerlinge spreek, so spreek ook die invloed van die ware leraar. Reaksie tussen onderwyser en kind, in die sedelike orde, is werklik en getrou, maar, "we want suggestibility, sympathy and imitation to find a focus in the truth not in the person."[18)]

---

18) Ibid., bls. 342.

'n Proses van drie-poligheid, waar die kind, die waarheid en die leiding, elk 'n afsonderlike pool uitmaak, sodat die kind en leraar gesamentlik tot die waarheid of derde pool inskakel, is die ideaal wat beoog word.

Weer is die voorbeeldige lewe en mooi persoonlikheid van die onderwyser 'n voorbeeld van die gunstige skoolomgewing. Beide gedy tot sedelike argitektuur. Op 'n soortgelyke wyse moet die sedelike invloede uit etiese standaarde, skoolvakke, direkte en indirekte sedelike voorligting en godsdiens, bydra tot die aanpassing van die hele mens aan die sedelike orde. Maar, "moral progress is not like scientific progress, the accumulation of formulas of truth. It is the progressive realisation of a higher and more universal self."[19)]

Nadat die kind tot hierdie drie werklikheids-ordes tot aanpassing gelei is, het sy opvoeding 'n klimaks bereik. 'n Drieledige mens vorm nou 'n lewende eenheid deur die ervaring tot 'n drieledige bestaans-heelal. Op die aanpassingsweg het Adamson van alle metodes gebruik gemaak wat die werklike kon verwesenlik. Vir hom is 'n metode, 'n werkwyse, of 'n middel, wat ware lewenskontak, aktiewe en belangstellende deelname kan meebring,'n handige en nodige hulpmiddel.

(b) Kritiese Beskouing.

In die aanvangs-onderwys maak Adamson tereg gebruik van die sinteties-deduktiewe metode. Die jong kind kan beswaarlik dinge analiseer of volgens induktiewe beginsels redeneer. Op hierdie stadium van ontwikkeling neem die kind dinge as 'n geheel waar en dit is heeltemal sielkundig en opvoedkundig om 'n metode te gebruik wat by die kind se

---

19) Ibid., bls. 366.

natuur pas. Daarom laat Adamson hom toe om dinge in die natuur self te sien, vrae daaroor te vra, na mededelings daaroor te luister, en om self iets daaromtrent uit te vind. Die metode van analise en induksie word eers in die praktyk ingebring as die kind die stadium van die natuur-wetenskappe bereik het, en sy aandag aan die orde van die beskawing begin te gee, d.w.s. as die kind reeds 'n mate van selfstandigheid bereik het, waar hy oor 'n eie dinamiese krag of uitstraling beskik. Voor hierdie tyd laat hy die kind empiries voortwerk met die dinge soos hulle in die natuur volgens tipe en soort na sy aard voorkom.

Verder neem hy ook die grondreëls van die metode in aanmerking. Die feit dat die kind gelei word om met sy bekende tuis-omgewing te begin, beteken dat hy sy sintuie kan gebruik in sy prakties-empiriese aktiwiteit. Hierdie selfwerksaamheid wek belangstelling en omdat hy van die bekende na die onbekende vorder sal hy alles ook beter verstaan. Die feit dat Adamson verder 'n sterk nadruk op sosiale vorming lê beteken dat hy die skool by die lewe laat aansluit en derhalwe kry die kind 'n geleentheid om sy aangeleerde kennis en ervaring in die praktyk toe te pas,en hom op die wyse tot aktiwiteit aan te spoor. In die laaste geval wil hy egter ook die brein en die gees van die kind vorm deur hom met die natuurwetenskappe, die gemeenskapsdrade en die sedelike eise aan die lewe te laat werk, sodat sy geheue en lewensgewoontes daardeur gevorm kan word. As sy indiwidu aangepas is, moet hy nie slegs kennis besit nie. Hy moet ook aan 'n gemeenskap kan gee en daarvan kan leer en verder in staat wees om verhoudings en waardes te bepaal. Deur sy metode wil Adamson sy mens dan vorm om die lewe te ken, die gemeenskap te dien, die waarde van 'n lewensdoel te bepaal en wysheid na te streef soos hy dit in sy opvoedingsdoel sien.